

OESKATTING

Kanola en sojabone skitter, mielies ook

SOJABONE en kanola is die opkomende sterre van saai-boerdery in Suid-Afrika, blyk uit die jongste verslag van die Oeskattingskomitee.

Die komitee se opname oor voornemens om wintergewasse te plant, wys dat boere 'n volle 80 000 ha kanola, die grootste oppervlakte in die geskiedenis, wil beplant. Dit is amper 11% meer as verlede jaar se 72 165 ha.

Die verwagte sojaboon-oes van 867 700 ton is vanjaar ook die grootste in die geskiedenis. Die komitee het dit in die jongste skatting onveranderd vanaf verlede maands'n gelos.

Die voorste soja-produiserende provinsie is steeds Mpumalanga, soos tradisioneel die geval, met 'n verwagte 314 650 ton. Vrystaatse sojaboonboere blaas egter vanjaar in hul nekke met 'n verwagte sojaboon-oes van 301 500 ton. Dit is 'n uitbreiding van amper 21% op verlede jaar se Vrystaatse sojaboon-oes van 249 500 ton.

Die Vrystaters het ook hul droëboon-verbouing vanjaar heelwat uitgebrei. Hul verwagte oes van


dié gewas is 36 400 ton, teenoor verlede jaar se 19 200 ton. Hul bure in Noordwes het vanjaar 'n beraamde 7150 ton droëbone geoes teenoor verlede jaar se 4 800 ton.

Die oorfloedige bone-oste is nie ten koste van vanjaar se mielie-oes nie, wat in die komitee se jongste beraming opnuut verhoog is. Dit staan nou op 13,029 miljoen ton. Die enigste vorige jare wat Suid-Afrikaanse boere meer as dit geproduseer het, was in 1981 (14,656 miljoen ton) en in 1994 toe die oes 13,275 miljoen ton was.

Die verhoging van die mielie-oes vanaf verlede jaar se 11,69 miljoen ton, is uitsluitlik weens beter oeste in die Vrystaat en Noordwes, die twee provinsies wat in die somer van 2012/'13 hard deur droogte getref is.

Veral Noordwes doen vanjaar sy naam gestand as die provinsie waar nasionale mielie-surplusse tradisioneel gemaak of gebreek word.

'n Noordwes-oes van 2,496 miljoen ton, teenoor verlede jaar se



Dit lyk asof Suid-Afrikaanse boere vanjaar sowat vier keer meer kanola as 15 jaar gelede wil plant. FOTO: AMELIA GENIS

skrale 1,555 miljoen ton, word nou verwag en 'n Vrystaatse oes van 5,58 miljoen ton, teenoor 2013 se 4,81 miljoen ton.

Die voorspelde rekord-hektare wat met kanola beplant gaan word, is klaarblyklik ten koste van koring-aanplantings.

Die komitee se opname toon

dat boere teen middel April net 500 500 ha koring vir die 2014-produksieseisoen wou plant. Dit is 5 000 ha minder as verlede jaar se aanplantings. As dit realiseer, sal dit volgens beskikbare rekords die minste koring nóg wees wat Suid-Afrikaanse boere plant. -MARLEEN SMITH